education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD 12
# DISTRIKSEKSAMEN

# JUNIE 2010

# AFRIKAANS HUISTAAL

## VRAESTEL 1
## LEESBEGRIP, OPSOMMING EN TAAL IN KONTEKS

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 70**

education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# AFRIKAANS HUISTAAL
# VRAESTEL 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 12 | | Tyd: | 2 uur |
| Julie 2010 | | Totaal: | 70 |

LET DAAROP DAT HIERDIE VRAESTEL UIT **13 BLADSYE** BESTAAN.

**INSTRUKSIES**

- **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:**
  - **AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)**
  - **AFDELING B: Opsomming (10 punte)**
  - **AFDELING C: Taal (30 punte)**
- Lees ALLE instruksies versigtig deur.
- Beantwoord AL die vrae.
- Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
- Trek ’n streep na elke afdeling.
- Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
- Laat ’n reël oop na elke antwoord.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie

**AFDELING A: Leesbegrip en kykvaardighede**

**Vraag 1: Koerantartikel, spotprent en advertensie**

# Kenners verdeeld oor Afrikaans



## *Talle meen dit is neusie verby, ander dink dis oorreaksie*

1. **Afrikaans is in 'n ernstige situasie, maar dit is te vroeg om te sê wat die uiteinde gaan wees. Dit is die siening van taalkenners met wie MAGDEL FOURIE gepraat het na aanleiding van die digter Breyten Breytenbach se opmerking dat Afrikaans in sy leeftyd nog gaan uitsterf.**

2. Die skrywer, Etienne van Heerden, stem saam met Breytenbach. Afrikaans se verlies aan hoër funksies is die saak wat die grootste kommer by hom wek. "Dit is nie meer genoeg om te sê Afrikaans gaan op kunstefeeste en rock-konserte en in sitkamers oor die TV-stelle oorleef nie." Hy is van mening dat Afrikaans se hoër funksies (onder meer as regstaal, mediese taal en onderrigtaal aan universiteite) beslis nou in gevaar verkeer. "Ek dink dus Afrikaans se sterfte lê op die hoër vlak eerder as op straatvlak."

3. Breytenbach het in 'n onderhoud op *Talk Radio 702* gesê hy en 'n vriend, professor Ampie Coetzee, het al geskerts oor hoe bevoorreg hulle is om 'n taal in hulle leeftyd te sien sterf. Coetzee het daarna gevra waarom bittermin Afrikaanse skrywers hulle soos Breytenbach oor die stand van Afrikaans uitlaat: "Wáár is hulle? Indien Afrikaanse skrywers van akademiese materiaal nie hulle stemme laat hoor nie gaan Afrikaans binnekort aan geen tersiêre instansie beskikbaar wees nie!"

4. Die historikus, prof. Hermann Giliomee, wys daarop dat universiteite soos dié op Stellenbosch en Pretoria reeds op groot skaal dubbelmedium in hulle onderrig gebruik ondanks die bewese gevare wat dit vir kleiner tale inhou. "By Tukkies is daar tekens van 'n kentering, maar Maties ploeter voort", sê hy. Die ander gevaar, sê hy, is dat 'n deel van die sake-elite nie bereid is om vir Afrikaans op tersiêre vlak te veg nie. "Hoe dink hulle kan Afrikaans nog as literêre taal, toneeltaal en vaktaal oorleef terwyl dit as tersiêre taal sneuwel? Druk universiteite waar dit seermaak, ter wille van Afrikaans!" pleit hy.

5. Professor Joan Hambidge, digter en akademikus, wil daarvan wegskram om té pessimisties te wees. Sy beklemtoon dat te veel mense Afrikaans praat en te veel belangrike boeke steeds in Afrikaans gepubliseer word. "Daarom is dit 'n gevaarlike stelling om te maak dat Afrikaans doodgaan."

Professor Theo du Plessis wys daarop dat ‘n taal wat sy hoër funksies verloor nie noodwendig beteken dat so ‘n taal besig is om uit te sterf nie. Talle verrassings is moontlik, sê hy. In hierdie verband noem hy die voorbeelde van Wallies en Hebreeus wat beide amptelike tale van hulle onderskeie lande geword het ondanks die feit dat nie een van hierdie tale amptelike funksies vervul nie.

6. Meneer Christo van der Rheede, direkteur van die Stigting vir Bemagtiging van Afrikaans (SBA), waarsku ook sterk teen verdoemende uitsprake teen Afrikaans. Hy is van mening om te sê Afrikaans sterf uit, is dieselfde as om te sê ‘n groot aantal bruin mense in die Wes-Kaap gaan óók uitsterf. “Sulke stellings het geweldige implikasies – as ‘n mens sê Afrikaans is daarmee heen, sê ‘n mens ook die land is daarmee heen! Daarom het ons juis mense nodig wat kan hoop en glo en ons taal kan bemagtig eerder as bitterbekke wat niks anders het om te sê nie.

(*Aangepas en verkort uit Volksblad: 29 Maart 2010*)

1.1 Herlees die opskrif en die subskrif. Voorspel waaroor “kenners verdeeld” is. (1)

1.2 “Afrikaans is in ‘n ernstige situasie...” (par. 1). Is hierdie stelling ‘n feit of ‘n mening? Motiveer jou antwoord. (1)

1.3 Kies die korrekte antwoord:

Die insident wat aanleiding tot die skryf van hierdie artikel gegee het, was:

A. dat kenners oorgereageer het.
B. dat ‘n Afrikaans-digter die ondergang van Afrikaans verkondig het.
C. dat Afrikaans al hoe minder op kunstefeeste gebruik word.
D. dat Afrikaans in ‘n ernstige situasie is. (1)

1.4 Identifiseer die drie maatstawwe wat gewoonlik gebruik is om te bepaal hoe gesond Afrikaans se situasie was. (3)

1.5 Verduidelik wat Van Heerden bedoel as hy sê dat Afrikaans as ‘n mediese taal ‘n hoër funksie moet hê? (2)

1.6 Haal **EEN** woord uit die derde paragraaf aan wat aandui dat Breytenbach en Coetzee in ‘n ligte luim na Afrikaans se toekoms verwys het. (1)

1.7 Bepaal of die volgende stelling waar of onwaar is? Motiveer jou antwoord met ‘n **FRASE** wat jy uit die **derde paragraaf** sal vind.

Prof. Ampie Coetzee is van mening dat Afrikaanse skrywers se stilbly oor Afrikaans se “ernstige situasie” ‘n negatiewe invloed op Afrikaanssprekende studente se loopbaanvoorbereiding gaan hê. (2)

1.8 Op watter wyse bevestig die toedrag van sake aan die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch dat prof. Coetzee se vrees dalk nie ongegrond is nie? (1)

1.9 Identifiseer die stelling wat **NIE PAS NIE**.

As die "sake-elite" nie vir Afrikaans as 'n onderrigtaal aan universiteite veg nie, sal:

A. Afrikaans as onderrigtaal mettertyd verdwyn.
B. Afrikaanse publikasies nie meer lank voorbestaan nie.
C. Afrikaans nie meer 'n bedreiging vir kleiner tale inhou nie. (1)

1.10 "Druk universiteite waar dit seermaak ..." (par. 4) is in konnotiewe verband gebruik.

Watter soort druk het prof. Giliomee hier in gedagte? (1)

1.11 Ontleed proff. Joan Hambigde en Theo du Plessis se standpunte oor Afrikaans en dié van Etienne van Heerden en Breyten Breyetenbach.

Vergelyk nou dié vier kenners se verskillende standpunte deur dit in EEN volsin op te som. Waak teen 'n antwoord wat te lank is. (2)

1.12 Identifiseer die twee feite wat prof. Du Plessis gebruik om sy standpunt te staaf dat 'n taal nie altyd oor hoër funksies hoef te beskik om te oorleef nie. (2)

1.13 Op watter manier oortuig mnr. Christo van der Rheede die leser dat Afrikaans nie sommer sal uitsterf nie? (1)

**EN**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



1.14 Die "ek" op die kennisgewingbord verwys na die dood.

Verduidelik hoe die kunstenaar hierdie betekenis by die leser probeer tuisbring. (1)

1.15 Na wie verwys die "jou" op die kennisgewingbord spesifiek? (1)

1.16 Lei af op watter tyd van die jaar hierdie prent waarskynlik van toepassing is. (1)

1.17 Formuleer enige verkeersreël wat in hierdie prent oortree word in jou eie woorde. (1)

1.18 Kies die korrekte antwoord.

Die strekking van hierdie spotprent se boodskap is:

A. informatief van aard.
B. waarskuwend van aard.
C. formeel van aard.
D. verhalend van aard. (1)

1.19 Waarom is die woorde "Cheers!" van die motoris in die sportmotor ironies? (1)

Beantwoord die vrae nadat jy die advertensie bestudeer het.



1.20 Na wie verwys die "ons" in hierdie advertensie? (1)

1.21 Wie is die teikenleser wat hierdie advertensie probeer bereik? (1)

1.22 Op watter wyse sluit die teks en die grafika van hierdie advertensie by mekaar aan? (2)

1.23 Een van die aktiwiteite waarna daar in die teksrame verwys word, sou as 'n hiperbool beskou kon word. Skryf dit neer. (1)

1.24 Herskryf die **opdrag** wat in hierdie advertensie se **slagspreuk** voorkom in jou eie woorde. Beperk jou **volsin-antwoord** tot 'n **maksimum van SES woorde.**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en identifiseer **SEWE prestasies** in Nádine se sangloopbaan. Som hierdie sewe prestasies in 'n **enkelparagraaf** op. Die lengte van jou opsomming mag **nie langer as 90 woorde** wees nie.



1. Nadat Nadine verlede jaar vir die eerste keer 'n album oorsee bekendgestel het, is sy besig om die musiekwêreld met haar besonderse stem en talent te oorrompel. Dit het haar lank geneem om die beeld van die jong-meisie-sangeressie-beeld af te skud, maar deesdae is daar aan hierdie ster geen keer nie. Selfs die internasionale musiekwêreld neem deesdae deeglik kennis van hierdie kunstenaar se talent.

2. Nádine se eerste optrede was 15 jaar gelede by die KKNK en sedertdien het haar loopbaan net van krag tot krag gegaan. Alhoewel sy al 'n veteraan in die plaaslike musiekbedryf is, sê sy sy raak steeds opgewonde elke keer wanneer sy een van haar liedjies oor die radio hoor. "Met my eerste Goue-toekenning in 1986 was ek in trane! Sedertdien het ek al by nie minder nie as 11 feeste opgetree en nege albums die lig laat sien."

3. Haar nuutste album wat onlangs in Duitsland bekend gestel is, het reeds op eie bodem goue status bereik en haar platemaatskappy voorspel dat hierdie maar net die begin van 'n lang loopbaan van Nádine-treffers gaan wees. "Vanjaar gaan sy ook gereeld tussen Suid-Afrika en Europa vir optredes en opnames pendel", sê haar platebestuurder, Jan du Toit.

4. In Februarie 2010 is Nádine by die internasionale World Peace Song Festival met die eerste prys bekroon vir haar liedjie “This time I know it’s for real”. Platemaatskappye van 30 lande het hulle beste liedjies vir 2009 vir hierdie kompetisie ingeskryf. Hierdie liedjie is ook die titelsnit op haar nuutste album. Die lirieke daarvoor is deur Harald Stone geskryf en Nádine het hand bygesit met die musiek.

5. Nádine is ook die eerste Suid-Afrikaanse sanger wat dit reggekry het om verlede jaar in België ‘n DVD voor ‘n gehoor van 13 000 mense op te neem – haar aanhangers sal gaande oor dié DVD wees. Benewens die konsert bied dit ook onderhoude en ‘n kykie na haar lewe agter die skerms. Later vanjaar gaan Nádine op uitnodiging van die Bond van Suid-Afrikaners in Perth, Australië, ‘n toekenning ontvang vir haar bydrae tot die bevordering van Suid-Afrikaanse musiek oorsee.

(*Aangepas en verwerk uit **Huisgenoot**: 22 April 2010)*

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

**AFDELING C: TAAL IN KONTEKS**

**VRAAG 3**

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

# VAN TOEKA NA DIE TOEKOMS

1. “Tale is ‘n potjiekos, niks bly ‘static’ nie, alles verander gedurig. Van die begin af het ons die taal gebruik soos dit van die begin was, ‘n mengsel van ander tale uit die pen van Hans Nel en Catherine Henegan. Daarom is dit my grootste wens dat Afrikaans weer deur almal gepraat word: wit, bruin en swart.”

2. Só sê Moenier Adams, ‘n lid van die teatergroep *Afrikaaps*, wat die jeug wil help om weer Afrikaans te praat soos hy gepraat móét word. *Afrikaaps* word by vanjaar se KKNK deur hierdie groep talentvolle akteurs en sangers opgevoer.



3. Die sterre van die produksie is die hip-hop-digter en musikant Jitsvinger, die jazz-klavierspeler Kyle Sheperd, die sangeres Blaq Pearl, die baskitaarspeler Shane Cooper en die ‘rapper’, Bliksemstraal. Die groep wat hulleself die argitekbekke noem, bring ‘n mengsel van style met gedigte, ‘beats’ en **(tradisie)** style soos Ghoema en die Kaapse Klopse na die verhoog.

4. Die regisseur, Catherine Henegan, sê die Afrikaanse **hip-hop-beweging** in Kaapstad probeer reeds geruime tyd die kulturele herkoms van die taal **(vier/fier)** en die Afrikaanses van die 21ste eeu herdefinieer.

5. Vir Bliksemstraal (23) van Kaapstad is die hele proses een groot les. “Ons leer by mekaar en sedert ons verlede jaar aan die produksie begin werk het, het ons baie oor ons geskiedenis geleer en waar ons vandaan kom.” Moenier (24) van Mitchells Plain sê *Afrikaaps* het hom selfvertroue gegee om te praat soos hy praat: “Die toekoms vir Afrikaans lyk ‘bright en ek gaan hard probeer om dit te bevorder.”

6. Jitsvinger (27) van Kuilsrivier sê die leuse waarby hulle vir dié produksie hou, is “van toeka na die toekoms.” En indien die produksie wel daarin slaag om grense te verskuif is die leuse nie net knap nie, maar ook profeties.

*(Verwerk uit **Kuier**: 31 Maart 2010)*

3.1 Vervang die woord “toeka” in die opskrif van die artikel met ‘n gepaste sinoniem. (1)

3.2 Bepaal wat die stam van die woord “potjiekos” in paragraaf 1 moet wees en skryf dit neer. (1)

3.3 Skryf die afkorting wat in paragraaf 2 voorkom volledig uit. (1)

3.4 Identifiseer die sin uit die volgende moontlikhede wat oor ‘n **byvoeglike bysin** beskik. Skryf die ooreenstemmende letter saam met die korrekte antwoord neer en **onderstreep NET DIE BYSIN**.

A. *Afrikaaps* is ‘n mengsel van ander tale uit die pen van Hans Nel en Catherine Henegan.
B. Dit is my wens dat Afrikaans weer deur almal gepraat moet word.
C. Moenier Adams is ‘n lid van *Afrikaaps* wat die jeug help om weer Afrikaans te praat.
D. *Afrikaaps* word by vanjaar se KKNK deur hierdie groep talentvolle akteurs en sangers opgevoer. (1)

3.5 Verduidelik die koppeltekengebruik in woorde soos “hip-hop-digter” en “jazz-klavierspeler” in paragraaf 3. (1)

3.6 Bliksemstraal is ‘n “rapper”. Vervang die Engelse woord met ‘n erkende Afrikaanse term wat as ‘n neologisme beskou kan word. (1)

3.7 Skryf die korrekte vorm van die woord neer wat in paragraaf 3 tussen hakies geskryf is. (1)

3.8 Verduidelik in 'n volsin wat die regisseur, Catherine Henegan, se werk by die teatergroep *Afrikaaps* behels. (1)

3.9 Kies die korrekte woord uit die twee moontlikhede tussen hakies in paragraaf 4. (1)

3.10 Bepaal wat die betekenis van die premorfeem in die woord "herdefinieer" in paragraaf 4 is en skryf dit neer. (1)

3.11 Skryf Moenier se woorde in paragraaf 5 in die indirekte rede oor. (2)

3.12 Kies die korrekte antwoord:

Die woorde 'static', 'rapper' en 'beats' is in hierdie teks aangewend as:

A. informele taal.
B. emotiewe taal.
C. sleng.
D. figuurlike taal. (1)

**[13]**

**EN**

# Uitvinders uit eie bodem!

**Het jy geweet hierdie bekende goed is deur Suid-Afrikaners uitgevind?**

### Pratley Putty

1. George Pratley, 'n ingenieur van Krugersdorp, het in 1948 Pratley Putty ontdek. Dit is 'n taai kleefstof wat op enige manier gevorm kan word en baie hard word as dit droog word. Boonop is dit waterdig en dit kan ook gebruik word om swembaddens te seël. Dit word hoofsaaklik gebruik om gebreekte goed te herstel.
2. George het Pratley Putty per ongeluk ontdek toe hy na 'n manier gesoek het om die stukkende deeltjies van 'n elektriese kragboks aan mekaar te plak.
3. Pratley Putty is die enigste Suid-Afrikaanse uitvindsel wat al op die maan was. Dit is in 1969 gebruik om die dele van die Apollo II-ruimtetuig aan mekaar vas te hou. 'n Paar honderd ton van hierdie gom is al regoor die wêreld verkoop.

(*Uit **Hoezit**: April 2010 – Uitgawe 26*)




### Kreepy Krauly

1. Ferdinand Chauvier het in 1974 dié outomatiese swembadskoonmaker ontwerp. Die Kreepy Krauly was die eerste van sy soort in die wêreld en voor dit uitgevind is, moes swembaddens skoongemaak word met 'n net en 'n apparaat wat op die bodem rondgestoot moes word.
2. Ferdinand Chauvier was 'n hidrouliese ingenieur wat in 1951 van die Belgiese Kongo na Suid-Afrika gekom het. Hy het die Kreepy by sy huis in Springs ontwerp.

Meer as 1,5 miljoen van hierdie masjientjies is al regoor die wêreld verkoop.

(*Uit **Hoezit**: April 2010 – Uitgawe 26*)




3.13 Pratley Putty plak items <u>aan mekaar</u> vas.

Gebruik nou die onderstreepte woorde as **EEN WOORD** in 'n nuwe sin sodat die betekenis daarvan duidelik sal wees. (1)

3.14 Vervang die onderstreepte gedeelte in die onderstaande sin met **EEN WOORD**.

Pratley was 'n <u>persoon wat sy eie sakeonderneming opgerig het</u>. (1)

3.15 Verander die eerste sin van paragraaf 3 in 'n ontkenning. Begin jou antwoord met: "Pratley Putty is die enigste ..." (1)

3.16 Skryf die intensiewe vorm van **EEN** van die onderstreepte woord neer.


Die 3.16.1 **duur** Kreepy Krauly is deesdae 'n 3.16.2 **bekende** produk. (1)

3.17 Herskryf die laaste sin van paragraaf in die lydende vorm. (1)

3.18 Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer.

Chauvier was 'n (Kongo) wat in 1951 na Suid-Afrika gekom het. (1)

**[6]**





[Uit: ***Huisgenoot:*** *23 April 1998*]

3.19 Wat is Lucy se houding in prentjie 1? Verskaf EEN bewys om jou antwoord te bewys. (2)

3.20 In prentjie 5 sê Lucy 'n groot waarheid. Hoe stel sy 'n mens teleur in prentjie 6 met wat sy vir die hond sê? (1)

**[3]**

**EN**




3.21 "Ben, ek sien glad nie uit na vanaand se ete nie" (raampie 4).

3.21.1 Verduidelik wat jy onder die term denotiewe betekenis verstaan. (1)

3.21.2 Besluit nou wat die denotiewe boodskap van Babsie se woorde is. (1)


3.22 Op watter wyse stereotipeer Babsie haar gasvrou in raampie 6? (1)

3.23 Gee 'n voorbeeld van 'n goeie sosiale waarde wat een van die sprekers kommunikeer. (1)

3.24 Waar in die strokiesprent verstaan ons, as die lesers, die regte boodskap van die strokiesprent? (1)

**[5]**

**EN**




- **HALF NELSON**
- **Soort fliek**: Drama
- **Hoofspelers**: Ryan Gosling en Anthony Mackie
- **Regie**: Ryan Fleck.
- Ouderdom: 16
- Jaar: 2006
- Lengte: 107 min
- Gradering: ★★★★

1. Jy sal dalk sê**:** **"**Nóg 'n prent oor dwelms**!"** Maar jy **3.25 MOET** dit sien**!** Dan**,** die geskiedenis-onderwyser**,** is ook die afrigter van die meisies-basketbalspan by 'n hoërskool**.** Alhoewel hy baie hartseer is en probleme sien**,** geniet hy sy werk**.**

2. Dan het elke dag met tieners te doen **–** tieners uit arm huise en **3.26 (breek)** gesinne**.** Hy is verskriklik gewild **3.27 ...** die leerlinge**,** maar hulle is onbewus van een van die geheime wat Dan met hom saamdra**:** hy is 'n dwelmslaaf**.**

3. Die eensame tiener**,** Drey**,** betrap vir Dan met sy pyp in die kleedkamer**.** Sy help dat hy veilig by sy huis kom**.** Sy vertel nie vir haar ma**,** 'n oorwerkte polisievrou**,** daarvan nie**.**

4. 'n Vriend van Drey se broer is **3.28 <u>as gevolg van</u>** dwelmhandel in die tronk**.** Die vriend probeer Drey by hulle aktiwiteite inkry**.** Dan**,** met wie sy vriende geword het**,** sien wat aangaan**;** daarom doen hy iets daaraan**.** Is dit die enigste tema in die fliek**?** Nee**, … .**

5. Soms fokus die kamera op 'n kind uit Dan se klas wat dan meer oor sy of haar lewe vertel**.** Dit maak hierdie lang**,** ernstige drama nog interessanter**.**

6. Die hoofspelers **(**Gosling en Shareeka Epps**)** is uitstekend en die storie is eerlik**,** onsentimenteel en raak aan jou hart**.** Gaan koop nóú kaartjies**!**

3.25 Die hoofletterwoord wat in paragraaf 1 ook in donker gedruk is, dra die betekenis van beklemtoning oor. Herskryf dié woord op 'n ander manier sodat dit nog steeds beklemtoning oordra. (1)

3.26. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies in paragraaf 2 neer. (1)

3.27 Voltooi die sin deur slegs die gepaste voorsetsel wat ontbreek in te vul. (1)

3.28 Skryf die volledige afkorting vir die onderstreepte frase neer. (1)
**[4]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: 30 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 70 PUNTE**